**HOËRSKOOL STRAND**

**SWANGERSKAPSBELEID VIR LEERDERS**

**1. Agtergrond:**

Hierdie beleid is gebaseer op die aankondiginge en verspreiding van die WKOD se beleidsdokument oor die bestuur van leerderswangerskappe in staatskole (Omsendskrywe 0121/2003) en vervang alle vorige regulasies rakende hierdie onderwerp.

Die bestuur en beheerliggaam van die Hoërskool Strand keur nie leerders se seksuele aktiwiteite of leerderswangerskappe goed nie en sal alles in hulle vermoë doen om hierdie tipe gedrag te laat verminder en selfs ophou.

Die Handves van Menseregte, soos uiteengesit in die Grondwet van Suid-Afrika (Artikel 108/1996), bevestig dat ’n persoon ’n demokratiese reg het tot Menswaardigheid, Gelykheid en Vryheid, ingeslote Kinderregte (Artikel 28) en die Reg tot Opvoeding (artikel 29). In die lig van bogenoemde is dit belangrik dat die skool se bestuur en beheerliggaam spesiale planne in werking stel wat die regte van swanger leerders beskerm en hulle die geleentheid bied om hulle skoolloopbaan te kan voltooi, sonder te veel onderbrekings.

Alhoewel die skool ’n hoë prioriteit aan waarde-gebaseerde onderwys heg en daarna streef om ’n hoë vlak van morele en sedelike standaarde te behou, besef hul ook dat leerder swangerskappe ’n realiteit is en dat die belange van die swanger leerder en haar kind belangrik is en beskerm moet word.

**2. Leerderswangerskappe:**

Wanneer dit onder die skool se aandag kom dat ’n leerder swanger is, moet die volgende prosedures gevolg word:

1. Die insident moet met sensitiwiteit en vertroulikheid hanteer word. Die skoolhoof, graadleier en voorligter moet hierdie proses bestuur en koördineer.
2. Die skool se beheerliggaam moet, sonder om die identiteit van die leerder bekend te maak, ingelig word dat daar ’n swanger leerder in die skool is.
3. Die leerder moet hanteer word as ’n leerder met spesiale behoeftes, en indien nodig, moet die ondersteuningsdienste van die WKOD: Distrikspan ingeroep word.

4. Die swangerskap moet aangemeld word by die skool se maatskaplike werker, WKOD: Distrikskantoor op die korrekte aanmeldingsvorm, ongeag of hulp en ondersteuning verlang word. Indien daar geen probleme met die leerder se situasie is nie, mag die skool die swangerskap bestuur sonder die bystand van die bg. maatskaplike werker.
5. Indien die swangerskap die resultaat van seksuele molestering, bloedskande of verkragting is, sal die skoolhoof, graadleier en voorligter die prosedure van die *Stop Abuse Protocol* volg en die nodige aanmeldings doen. Die dienste van PATCH sal ook dadelik ingeroep word.
6. ’n Vergadering met die swanger leerder en haar ouers/voogde moet gereël word. Die volgende is doelwitte vir die vergadering:
   - 6.1 Om insig in die gesin se situasie te bekom
   - 6.2 Om die ouers in te lig oor die ondersteunings en mediese dienste beskikbaar in die gemeenskap.
   - 6.3 Om saam te besluit oor die datum waarop die leerder die skool gaan verlaat en weer sal terugkeer. Laasgenoemde is onderhewig aan die goedkeuring van die dokter of mediese beampte betrokke.
   - 6.4 Om te bespreek hoe die skool die leerder kan bystaan in haar poging om haar akademie vol te hou/by te hou.
   - 6.5 Om ouerbetrokkenheid en ouerondersteuning aan te moedig.
   - 6.6 Om aan beide die leerder en ouers die gevare van voortgesette skoolbywoning te verduidelik. Om ook aan hulle te verduidelik dat die skool nie spesiale voorsiening/uitsonderings/aanpassings in sy program en logistiese bestuur kan maak vir swangerskappe nie.
   - 6.7 Om aan die leerder en ouer deur te gee dat die skool nie die swangerskap asook die seksuele aktiwiteite wat daartoe aanleiding gegee het, goedkeur nie en dat daar van die leerder verwag sal word om in die toekoms by die skool se strewe om ’n hoë vlak van morele en sedelike standaarde te behou, in te val/te onderwerp.
   - 6.8 Om die verwagtinge en verantwoordelikhede van die verskillende partye te bespreek en om ’n kontraktuele ooreenkoms te bereik.

**3. Alternatief vir skoolbywoning**

Die leerder het die reg om een van die volgende opsies te kies:

- Om in die skool te bly terwyl dit medies aanvaarbaar/veilig is en om daarna alle skoolwerk by die skool self te kry.
- Om tydens die swangerskap by die huis te bly. Die ouers onderneem om die skoolwerk by die skool te kom haal. Hierdie opsie word net aangemoedig in gevalle waar daar mediese probleme ondervind word.
- Om die skool permanent te verlaat en self verantwoordelikheid vir haar opvoeding te aanvaar. Lg. word nie aangemoedig nie.

## 4. Verantwoordelikheid van die skool

- Die skool onderneem om die leerder te ondersteun in enige praktiese moontlike manier en om skoolwerk aan die leerder beskikbaar te stel sodat die leerder haar skoolloopbaan kan voltooi. Haar opvoeders onderneem om akkurate rekord van al haar punte, take en toetse, deur die jaar te hou. Dit sal die personeel en WKOD: Distrikspan in staat stel om aan die einde van die jaar ’n besluit rakende haar akademiese progressie te neem.
- Die leerder sal aangemoedig word om berading te ondergaan en om voorgeboorte klasse of gereelde medies ondersoeke by te woon sodat professionele persone haar advies/raad kan gee rakende die beplanning en toekoms van haar en haar baba. Die skool beveel aan dat so ’n leerder en haar ouers die CHOICES program volg.

## 5. Verantwoordelikheide van die leerder en haar ouers/voogde

- ’n Mediese sertifikaat met die verwagte datum van geboorte en die verwagte datum van staak van skoolbywoning en hernude skoolbywoning moet ingehandig word.
- Die leerder moet haar onderwerp aan die skool se gedragskode en geen uitsonderings sal vir haar gemaak word nie.
- Die leerder moet haar daarvan weerhou om oor haar swangerskap te praat en selfs daaroor te spog teenoor ander leerders. Sy mag ook geen mediese bewyse, ens rakende die swangerskap skool toe bring om aan die leerders te wys nie.
- Die leerder en haar ouers/voogde sal alle verantwoordelikheid aanvaar om leermateriaal/skoolwerk by die skool te kom haal. Hulle neem ook volle verantwoordelikheid vir die inhandiging van take, met die doel op deurlopende assessering. Spesiale reëlings moet met die skool getref word rakende die skryf van toetse.
- Die leerder sal skoolklere dra wat die swangerskap verbloem en die kleredrag moet bydra tot ’n atmosfeer van stigtelikheid en die goeie waardes van die skool.
- Die leerder sal nie toegelaat word om die baba skool toe te bring nie.
- Voor die leerder terugkeer skool toe moet die leerder en haar ouers/voogde ’n plan inlewer waarin hulle die baba se versorging tydens skoolure aan die skool deurgee. Dit is om aan die leerder daarvan bewus te maak dat sy nou ’n ma met verantwoordelikhede is.
- ’n Mediese sertifikaat waarin daar staan dat die leerder in staat is om met skool voort te gaan moet by haar terugkeer ingehandig word.
- ’n Mediese vorderingsverslag of afskrif van kliniekkaart by graadleier/voorligter sal inhandig word na elke dokters-of kliniekbesoek. So kan die skool op hoogte bly indien die leerder se bevallingstydperk verander.
- Ouer(s) moet drie noodnommers aan die graadleier/voorligter verskaf wat gebel kan word indien daar enigiets by die skool sou gebeur en die leerder sou dringende mediese sorg benodig.

- Die leerder sal skoolklere dra wat die swangerskap verbloem en die kleredrag moet bydra tot ’n atmosfeer van stigtelikheid en die goeie waardes van die skool. Indien die leerder `n na – ure skoolgeleentheid bywoon, word aanbeveel dat sy dit in privaatdrag doen ten einde haar te beskerm teen onnodige en ongewensde aandag van die publiek. Hierdie wens sal deur `n vroulike opvoeder met die nodige empatie aan die leerder oorgedra word.

**6. Bestuur van ’n manlike leerder wat die pa van ’n ongebore kind is.**

Indien die pa van ’n ongebore kind in die skool is, moet hy op die volgende manier bestuur word:

- Die bestuur van die skool en die beheerliggaam moet ingelig word. Sy identiteit hoef nie bekend gemaak te word nie. Indien die leerder in ’n ander skool is, moet die skoolhoof van daardie skool ook in kennis gestel word sodat die beheerliggaam van daardie skool dien ooreenkomstig in kennis gestel kan word deur die skoolhoof van daardie skool.
- Hy en sy ouers word aanbeveel om vir berading te gaan om die volgende te hanteer:
  - Om hulle emosioneel te ondersteun
  - Om hom in te lig oor sy regte en verantwoordelikhede volgens die Kinderwet van 2005
- ’n Ooreenkoms moet tussen die leerder en die skool bereik word rakende die nakoming van die gedragskode van die skool.

**7. Spesiale reëlings vir swangerskappe tydens die Senior Sertifikaat eksamen**

Wanneer ’n gr.12-leerder swanger raak, moet die skoolhoof as volg te werk gaan:

1. In geval waar spesiale reëlings getref moet word, moet die leerder aangemeld word by die Direkteur: Eksamens van die WKOD. ’n Mediese sertifikaat moet aangeheg word.
2. Die leerder het die reg om skool by te woon tot ’n tydperk wat medies veilig/aanbeveel word.
3. Opsies indien ’n leerder **meer as 32 weke** swanger is op 1 Oktober:

   Indien die mediese sertifikaat toon dat sy 32 weke of meer swanger is op 1 Oktober van haar gr.12 jaar, het sy die volgende opsies:

   3.1 Om die Oktober/November eksamen in 'n aparte lokaal in haar eie skool of ’n ander skool te skryf. Die rede hiervoor is dat die ander leerders beskerm moet word teen trauma indien sy tydens die eksamen in vroeë kraam sou gaan.

   3.2 Om die Oktober/November eksamen as ’n privaatkandidaat, by ’n ander skool, te skryf, sou sy kies om die skool permanent te verlaat. Dit is haar ouers se verantwoordelikheid om hiervoor aansoek te doen by die onderwys-departement.

   3.3 Om die aanvullende eksamen tydens Maart die aanstaande jaar te skryf. In hierdie geval moet ‘n mediese sertifikaat getoon word wat sê dat die swangerskap so ver gevorder is, dat eksamenskryf nie aanbeveel word nie.

3.4 Enige leerder wat nie die Oktober/November of Maart eksamen skryf nie, kan registreer vir enige daaropvolgende eksamens.

4. Opsies indien 'n leerder **minder as 32 weke** swanger is op 1 Oktober:

Indien die mediese sertifikaat toon dat sy 32 weke of minder swanger is op 1 Oktober van haar gr.12 jaar, het sy die volgende opsies:

4.1 Om die Oktober/November eksamen onder normale omstandighede by haar eie skool te skryf.

4.2 Om die eksamen by 'n ander skool of eksamensentrum te skryf.

4.3 Om die Oktober/November eksamen as 'n privaatkandidaat, by 'n ander skool of eksamensentrum, te skryf, sou sy kies om die skool permanent te verlaat.

## 8. Spesiale eksamensentrums

Indien 'n leerder verkies om die Oktober/November of Maart eksamen by 'n spesiale eksamensentrum te skryf, moet die volgende gedoen word:

1. Die skoolhoof moet die leerder help deur toestemming by die Direkteur: Distrikskantoor te verkry om by 'n spesiale sentrum te skryf.
2. Indien die leerder die enigste persoon is wat by so 'n sentrum skryf, moet haar ouers die kostes van 'n toesighouer dra. Dit is dieselfde bedrag wat die WKOD toesighouers betaal word.
3. Die kringspanbestuurder moet so 'n sentrum goedkeur.
4. Wanneer die eksamenvraestelle by die skool se amptelike eksamenlokaal oopgemaak word, ontvang die aangestelde toesighouer die leerder se vraestel van die hoofopsiener en neem dit na die spesiale sentrum toe.
5. Na afloop van die eksamen neem die aangestelde toesighouer die antwoordstelle weer terug na die skool en oorhandig dit aan die hoofopsiener.

**Indien 'n leerder nie die eksamen sou voltooi nie a.g.v. die geboorte van die baba, moet die leerder self die verantwoordelikheid neem om as 'n privaatkandidaat, vir 'n latere eksamen, te registeer.**

GETEKEN TE ……**Strand**……OP ………………………………………2016.

VOORSITTER SKOOLHOOF

**SWANGERSKAP: GRAAD 12-LEERDER**

**SKRIFTELIKE OOREENKOMS TUSSEN**

**HOËRSKOOL STRAND**

**EN**

………………………………………………………………………………………
**(Naam van leerder)**

………………………………………………………………………………………
**(Naam van ouer/voog)**

1. Vergadering met ouer/voog en leerder

| | |
|---|---|
| Leerder | |
| Ouer/voog | |
| Mediese sertifikaat | Ja/Nee |
| Verwagte datum van geboorte | |
| Datum van vergadering | |

2. Ouers/voogde se beplanning vir die swangerskap

………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………

3. Ooreenkoms met betrekking tot die skryf van die Senior Sertifikaat eksamen

| | |
|---|---|
| *32+ weke swanger teen 1 Oktober:* | |
| Skryf eksamen in isolasie by Hoërskool Strand | |
| Skryf eksamen in isolasie by 'n ander skool | |
| Skryf eksamen by 'n sentrum as 'n privaatkandidaat | |
| Skryf die aanvullende eksamen in Maart die aanstaande jaar. | |
| Geen eksamen, sal as 'n privaatkandidaat inskryf by die WKOD | |
| | |
| *Minder as 32 weke swanger op 1 Oktober:* | |
| Skryf eksamen by die Hoërskool Strand | |
| Skryf eksamen by 'n ander skool | |
| Verlaat die skool en maak eie reëlings en WKOD word ingelig | |

**Die ouer/voog van die swanger leerder onderneem:**

- Om die skool te voorsien van 'n mediese sertifikaat waarin die skool in kennis gestel word van die leerder se geskiktheid om skool by te woon en die verwagte datum van geboorte.
- Om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die afhaal van skoolwerk en tuiswerk asook om take in te handig en te reël om toetse te skryf.
- Om eienaarskap te aanvaar vir die risiko's wat kan gebeur as 'n leerder swanger raak.
- Om nie aan enige fisiese of ander aktiwiteite deel te neem wat 'n gesondheidsrisiko vir die leerder en haar baba inhou nie.
- Om risiko's te neem met die bywoning van skool.
- Om te sorg dat haar gedrag en optrede in pas by die etos en gedragskode.
- Om nie van die skool te verwag om alternatiewe of addisionele logistiese reëlings te tref nie.
- Om te aanvaar dat geen uitsonderinge rakende die handhawing van die gedragskode sal gemaak word nie.
- Dat die leerder terug skool toe sal kom na die geboorte van die baba, soos medies aanbeveel – handig 'n mediese sertifikaat in hierdie verband in.
- Hulle terugvoering aan die skool sal gee rakende reëlings getref met betrekking tot die versorging van die baba tydens skoolure.
- Die leerder nie die baba skool toe sal bring nie.
- ŉ Mediese vorderingsverslag of afskrif van kliniekkaart by graadleier/voorligter sal inhandig na elke dokters-of kliniekbesoek. So kan die skool op hoogte bly indien die leerder se bevallingstydperk verander.
- Ouer(s) moet drie noodnommers aan die graadleier/voorligter verskaf wat gebel kan word indien daar enige iets by die skool sou gebeur en die leerder sou dringende mediese sorg benodig.

**Hoërskool Strand onderneem om:**

- Om die situasie so sensitief en vertroulik as moontlik te hanteer.
- Om haar as 'n leerder met spesiale behoeftes te behandel en te reël vir berading, indien nodig.
- Om die leerder te ondersteun om haar skoolloopbaan voort te sit na die geboorte van die baba.

Geteken om ………………………………………….. te ………………………………………

op die ………………. dag van ………………….. 20 ……

……………………………………………. ………………………………………
Handtekening: leerder Handtekening: ouer/voog

……………………………………………..
Handtekening: skoolhoof

**SWANGERSKAP: GRAAD 8 tot 11 LEERDER**

**SKRIFTELIKE OOREENKOMS TUSSEN**

**HOËRSKOOL STRAND**

**EN**

**………………………………………………………………………………**
**(Naam van leerder)**

**………………………………………………………………………………**
**(Naam van ouer/voog)**

1. Vergadering met ouer/voog en leerder

| | |
|---|---|
| Leerder | |
| Ouer/voog | |
| Mediese sertifikaat | Ja/Nee |
| Verwagte datum van geboorte | |
| Datum van vergadering | |

2. Ouers/voogde se beplanning vir die swangerskap

………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………

**Die ouer/voog van die swanger leerder onderneem:**

- Om die skool te voorsien van 'n mediese sertifikaat waarin die skool in kennis gestel word van die leerder se geskiktheid om skool by te woon en die verwagte datum van geboorte.
- Om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die afhaal van skoolwerk en tuiswerk asook om take in te handig en te reël om toetse te skryf.
- Om eienaarskap te aanvaar vir die risiko's wat kan gebeur as 'n leerder swanger raak.
- Om nie aan enige fisiese of ander aktiwiteite deel te neem wat 'n gesondheidsrisiko vir die leerder en haar baba inhou nie.
- Om risiko's te neem met die bywoning van skool.
- Om te sorg dat haar gedrag en optrede in pas by die etos en gedragskode.
- Om nie van die skool te verwag om alternatiewe of addisionele logistiese reëlings te tref nie.
- Om te aanvaar dat geen uitsonderinge rakende die handhawing van die gedragskode sal gemaak word nie.

- Dat die leerder terug skool toe sal kom na die geboorte van die baba, soos medies aanbeveel – handig ‘n mediese sertifikaat in hierdie verband in.
- Hulle terugvoering aan die skool sal gee rakende reëlings getref met betrekking tot die versorging van die baba tydens skoolure.
- Die leerder nie die baba skool toe sal bring nie.
- ‘n Mediese vorderingsverslag of afskrif van kliniekkaart by graadleier/voorligter sal inhandig na elke dokters-of kliniekbesoek. So kan die skool op hoogte bly indien die leerder se bevallingstydperk verander.
- Ouer(s) moet drie noodnommers aan die graadleier/voorligter verskaf wat gebel kan word indien daar enige iets by die skool sou gebeur en die leerder sou dringende mediese sorg benodig.

**Hoërskool Strand onderneem om:**

- Om die situasie so sensitief en vertroulik as moontlik te hanteer.
- Om haar as 'n leerder met spesiale behoeftes te behandel en te reël vir berading, indien nodig.
- Om die leerder te ondersteun om haar skoolloopbaan voort te sit na die geboorte van die baba.

Geteken om ………………………………………….. te ………………………………………

op die ………………. dag van ………………….. 20 ……

…………………………………………….
Handtekening: leerder

………………………………………
Handtekening: ouer/voog

……………………………………………..
Handtekening: skoolhoof